# Kraggakamma Huisgeloof
## vir kleingroepe, families en stiltetyd
### (15-19 Junie 2026)

---

## ONS ONTMOET MEKAAR
Vertel hoe jy in die afgelope week 'n ligdraer was of iemand ontmoet het wat 'n ligdraer is.

## ONS ONTMOET VIR GOD: GEBED, LOF EN AANBIDDING
Gee geleentheid vir elkeen om te sê hoe dit gaan en bid vir mekaar.

## GOD ONTMOET ONS
**Skriflesing:** Openbaring 21:1-27; 22:5
**Tema:** Mense van die lig is oppad na die volmaakte lig.

# Gespreksvrae:
1. Watter prentjie van die nuwe hemel en aarde "sien" jy in die verse?

2. **Die, meestal slegte, begin en die goeie einde.**
   Die volgende tabel kom uit die Bybel in Praktyk. Hoe laat dit jou voel?
   Die Bybel beskryf vir ons die begin en einde van die wêreld. Die volle verhaal van die mens - van sy sondeval en verlossing deur Christus, asook van die erkenning dat God alles sal nuutmaak is in die Bybel opgeskryf:

| **Genesis** | **Openbaring** |
|---|---|
| Die son word geskep | Die son is nie meer nodig nie |
| Satan is die verleier | Satan word verslaan en vernietig |
| Die sonde word deel van die mens se lewe | Daar word vir ewig 'n einde aan die sonde gemaak |
| Die mens vlug en kruip vir die Here weg | Die mens word genooi om vir ewig volmaak by die God en die Lam te woon |
| Die mens word vervloek | Die vloek van trane word finaal nietig verklaar |
| Droefheid oor die sonde | Geen sonde meer, geen trane en geen droefheid nie |
| Die tuin en die aarde word vervloek | God se stad word verheerlik, die aarde word nuut gemaak |
| Die vrugte van die boom van die lewe mag nie geëet word nie | God se kinders mag die vrugte van die boom van die lewe eet |
| Die paradyslewe is verloor | Die paradyslewe is volkome herstel |
| Die mens is gedoem om te sterf | Die dood word verslaan en gelowiges lewe vir ewig by die Here |

3. Openbaring 21 beskryf 'n tyd wanneer God self by sy mense sal woon. Sien jy uit dat jou verhouding met God eendag volkome en onbelemmerd sal wees?
4. Die gedeelte herinner ons dat hierdie wêreld nie ons permanente tuiste is nie. Vers 4 sê dat God self elke traan sal afvee en ‘n einde sal maak aan leed, smart en pyn. Hoe gee hierdie belofte jou hoop te midde van die pyn, verlies of onsekerheid wat jy tans ervaar?
5. Hoe verander die gelese gedeelte jou lewe vandag?

## GOD ONTMOET DIE WÊRELD DEUR ONS

Ons as mense van die lig, is oppad is na die volmaakte lig. Hoe kan ons nou reeds as mense van die lig leef in 'n wêreld wat dikwels donker en stukkend is?

**Gebed**

Die kerk bid al eeue lank: "Amen. Kom, Here Jesus!" (Open. 22:20). Kom ons bid ook hierdie gebed met opgewondenheid en afwagting.

### KRAGGAKAMMA KAMPIOEN KERMIS

Ons kermis is op Saterdagoggend, 20 Junie 2026.

Kom raak asb. persoonlik betrokke:

- Raak betrokke by ‘n stalletjie. Lees meer oor waar jy betrokke kan raak in die Kermis Koerant of op die Kermislys.
- Maak ‘n finansiële skenking of help met benodighede.

Die kermiskoerant, kermislyste en lyste vir bestellings vir vleis is in die voorportaal en op ons webblad beskikbaar.

- Help weer kaartjies verkoop waarmee groot pryse gewen kan word. Boekies is by jou kerkraadslid of by die kerkkantoor beskikbaar.

Vir meer inligting, kontak die Kerkkantoor.

Kom wees saam ‘n BOK vir sports!